

## Sing vooraf staande: Skrifberyming 10-1:1 (28:1)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,  
ons bid in stille eerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,  
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Konings-eer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

## Gebed

Skrifberyming 9-1:1, 3, 4 (26:1, 3, 4)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke en donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 3 Ek tog, Ek ywer teen my haters; / maak dan geen beeld om dié te aanbid;  
Ek straf hul streng, die wetverlaters, / tot in die derde en vierde lid.
- 4 Maar Ek bewys barmhartighede / en bly aan duisende getrou,  
wat tot My kom met hul gebede / en wat my wette onderhou.

**Skriflesing:** 1 Samuel 4:1-11; Heidelbergse Kategismus, Sondag 35:96

**Kernvers:** Die Filistyne het die geskreeu gehoor en gevra: “Wat vir ’n geskreeu is daar in die laer van die Hebreërs?”  
Die Filistyne het toe uitgevind dat die ark van die Here in die kamp aangekom het. Hulle het bang geword, want hulle het gesê: “God het in die kamp gekom.” (1 Samuel 4:6-7a AFR1983)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

*Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen manier ander vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).*

*(a) Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.*

**Tema:** Die dankbare gelowige maak nie sy eie beeld van God nie

Geliefde gemeente van Jesus Christus, dit is soms vir ons mense moeilik om die onderskeid tussen die eerste en tweede gebod raak te sien. Kom ons let daarom eers op die onderskeid tussen die twee gebooe. In die eerste gebod beveel God: **Jy mag naas My geen ander gode hê nie.** In die tweede gebod beveel God: **Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak om dit te vereer of te dien nie.** In die eerste gebod word ons verbied om nie ’n ander god te dien nie, want dan pleeg ons afgodery. Daar is immers net een God, ons Here, die God van hemel en aarde. In die tweede

gebod sê God dat ons Hom nie op 'n verkeerde manier mag dien nie. Dus is die onderskeid tussen die twee gebooe hierin geleë: Eerste gebod: Ons moet die enigste, ware God dien, en tweede gebod: Ons moet God op die regte manier dien.

Maar soos die tweede gebod in die Bybel geskryf staan, klink dit so baie asof afgodery ook hier verbied word. As jy 'n beeld maak en daarvoor buig en dit dien, pleeg jy mos afgodery. Dit is waar, geliefdes, maar om die tweede gebod net as 'n verbod teen afgodery te verstaan, sien ons die eintlike kern van die gebod nie raak nie. Daarom het die Heilige Gees die kerk gelei om die kern van die tweede gebod saam te vat soos wat ons dit in Sondag 35 bely. Die kern van die tweede gebod is tweeledig: 1) **Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie**, en 2) **Ons mag Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel nie**. Vanaand staan ons by die eerste deel van hierdie kern stil: Ons mag geen beeld van God maak nie.

Iemand kan nou sê: Ek het nog nooit 'n beeld van God gemaak nie. Dit is reg, niemand van ons het seker al probeer om 'n beeld van God te maak nie. Maar tog moet ons gewaarsku wees. Ons kan nie regtig sê dat ons nog nooit 'n beeld van God gemaak het nie. Die rede vir hierdie waarskuwing sal weldra duidelik word.

Geen mens het God al ooit gesien nie. Daarom weet niemand hoe God lyk om 'n beeld van Hom te maak nie. Elkeen met wie God al besig was en besig is, het God nog net gehoor. Ons hoor Hom met ons praat wanneer ons Bybel lees. Ons leer Hom ken deur die werke en woorde van Jesus Christus en ons ondervind sy werk in ons deur die Heilige Gees. Maar sien, het ons Hom nog nooit nie. Daarom is dit logies dat ons nie van Hom 'n beeld kan maak nie.

Maar, broers, susters en kinders, die mens laat hom nie hierdeur stuit nie. Israel het hulle ook nie laat stuit nie. Daarvan het ons in 1 Samuel 4 gelees. Hulle het wel nie 'n beeld van God gemaak nie, maar hulle het God met die verbondsark vereenselwig. Die verbondsark was deel van die tabernakel en later deel van die tempel se inhoud. Die tabernakel en tempel was die teken wat die Here self aan sy volk gegee het om daarmee tasbaar te wys dat Hy teenwoordig is by hulle. Die verbondsark was immers teken van God se troon in die tempel.

Na hulle eerste nederlaag teen die Filistyne het die Israëliete net een oplossing gehad vir die probleem. Die Here moet saam met hulle na die gevegsfront gaan. Daarom gaan haal hulle sommer dadelik die verbondsark in Silo. En luister hoe het hulle die Here met die verbondsark vereenselwig. Hulle sê: **Kom ons gaan haal die verbondsark uit Silo na ons toe dat dit by ons kan wees om ons te red uit die greep van die vyand**. Wat God alleen kan doen, het hulle aan die verbondsark toegeskryf. Net God kan red, maar nou meen hulle dat die ark hulle kan red uit die greep van die vyand. Vroeër was die Here nie teenwoordig nie, maar nou dat die ark by hulle is, is die Here teenwoordig.

In hulle gedagtes het die Israëliete God eintlik probeer inperk in die verbondsark. Net as die ark in die kamp is, sal die Here ook by hulle wees. Die teken wat die Here self gegee het, maak hulle tot beeld van God. Om te weet wat nou eintlik met hierdie optrede van hulle verkeerd was, moet 'n mens die agtergrond waarteen God die tweede gebod gee, verstaan. By die heidene was dit algemene praktyk om beelde van hulle gode te maak. Daarmee, het hulle gemeen, doen hulle 'n guns aan hulle god. Hulle gee vir hom 'n beeld om in te bly. Vir hulle moes hulle god 'n beeld hê sodat hy homself daardeur aan hulle bekend kon maak. Die god het dan, so het hulle gedink, in die beeld gewoon soos 'n mens se gees in sy liggaam is. Omdat die god dan aan die beeld verbind is, beteken dit ook dat die mens nou 'n houvas op die god het. Hulle kan hom dwing om by hulle teenwoordig te wees en aan hulle goed te doen, aangesien hulle dan vir hom 'n beeld gemaak het.

Israel het ook gedink dat hulle God kan dwing om ten goede by hulle teenwoordig te wees deur die ark na die gevegsfront te dra. Hulle wou God dwing om hulle van die greep van die vyand te red. Dat hierdie heidense gedagtes by hulle teenwoordig was, word duidelik uit die opmerking van die Filistyne as hulle die geskreeu in die Israëliete se kamp hoor. Hulle het gesê: **God het in die kamp**

## ingekom.

Maar geliefde gemeente, ons God laat Hom nie dwing nie. Dit moes Israel op die harde manier leer. In die geveg wat gevolg het, het 30 000 van Israel se voetsoldate gesterf en die Filistyne het die ark gebuit. Israel het 'n valse voorstelling van God gemaak. Hulle het Hom met die verbondsark vereenselwig. Maar God laat Hom nie afbeeld nie en Hy laat Hom nog minder dwing om op te tree volgens die valse voorstellings van die volk. Sou God die Israëliete in die veldslag gered het, kon dit gebeur dat die Filistyne gedink het God is soos hulle gode. Hulle kon dink dat God ook 'n beeld nodig het om teenwoordig te wees.

Die verbondsark bestaan nie meer vandag nie. Ons het God nog nooit gesien nie. Maar dit stuit die mens van die een en twintigste eeu ook nie. Dit gebeur so maklik dat ons God wil inperk in die Bybel, in die kerkgebou op die Sondag so asof God niks met die lewe buite die Bybel, buite die kerkgebou of op die Maandag tot die Saterdag te doen het nie.

So baie mense wat maklik vloek en skel, raak gou stil wanneer hulle 'n Bybel sien. Hulle dink as die Bybel uitgehaal word, kom God te voorskyn. So 'n mens vereenselwig God met die Bybel. Daar is selfs gelowiges wat van 'n kerkgebou meer wil maak as wat dit regtig is, daarom mag jy by 'n kerkgebou nie oor enigiets gesels nie. Wie so redeneer, vereenselwig God met die kerkgebou. Maar God laat Hom nie in 'n gebou indwing nie. As ons dink ons kan nie op ander dae soos op Sondae met die Woord van die Here besig wees nie, beperk ons God net tot die Sondag. So iemand wil sê dat God net op Sondag seggenskap het. Maar moet ons nie eerder só dink nie: Wat ons nie op die Sondag mag doen nie of by die kerkgebou of met die Bybel in die hand mag doen en sê nie, moet ons ook nie op enige ander plek en tyd doen nie. God is mos alomteenwoordig, almagtig en ewig. Hy het seggenskap oor alles wat ons doen op enige plek waar ons ons op elke dag van die week bevind.

Nou is ek daarvan oortuig, geliefdes, dat die meeste van ons, indien nie almal nie, sulke gedagtes oor die Bybel, die kerkgebou en die Sondag al afgesterf het. Ons weet immers dat God Here is oor alles wat ons doen en sê op elke plek en elke dag van ons lewe. Iemand kan nou sê: Dankie tog, ek het God nog nooit met die Bybel, kerkgebou of Sondag vereenselwig nie. Dus, ek het nog nooit 'n beeld van God gemaak nie. Maar 'n mens maak jou nie net skuldig aan die tweede gebod as jy God tot seker voorwerpe wil inperk nie. In jou gedagtes kan jy ook 'n verkeerde beeld van God maak wat jy vir jouself voorhou as die enigste, ware God wat jy aanbid.

Mense dink baie maal God lyk uiterlik net soos ons mense. Daarom dra hulle dan ook ons menslike gebreke op God oor. 'n Mens wat dink dat God hom nie in sy nood raaksien nie of nie sien as hy sonde doen nie, maak in sy gedagtes vir hom 'n beeld van God sonder oë. Wie voorgee dat God hom nie hoor as hy bid en smee nie, maak in sy gedagtes vir hom 'n beeld van God sonder ore. As ek dink dat God my nie uit my nood kan red nie of meen dat Hy nie 'n sekere sonde van my kan vergewe nie, maak ek in my gedagtes 'n beeld van God sonder arms en stel Hom voor as 'n magtelose God. So maklik is dit om 'n beeld van God te maak. Daarom kan ons nie sê ons het nog nooit 'n beeld van God gemaak nie.

Ons kan ook maklik met ons woorde 'n skeefgetrekte beeld van God maak. Wanneer daar in oormaat net oor die sonde van die mens en God se regverdige straf oor die sonde gepreek word, word God met woorde as 'n verwoede tiran geteken. Lidmate dink dan mettertyd God is hard, liefdeloos en ver, iemand met wie 'n mens nie 'n naby en intieme verhouding kan hê nie. Of as daar net van God se liefde en sagtheid gepreek word, word God geteken as 'n sagmoedige Neelsie wat maklik die sonde verskoon. Dan gaan lidmate dit moeilik vind om God se liefde ook in sy regverdige oordeel oor die sonde raak te sien. Daarom lê daar 'n groot verantwoordelikheid op ons om toe te sien dat God verkondig word soos wat Hy Homself aan ons bekend maak.

Ons God verbied dat ons enigsins 'n afbeelding van Hom sal maak. Ons kan Hom nie afbeeld nie, want ons het Hom nog nooit gesien nie. Maar ons mag ook nie verkeerde denkbeelde van Hom in

ons gedagtes skep nie. Deur die lewende verkondiging van sy Woord onderrig die Here ons hoe Hy lyk. Daarom, as ons wil weet hoe God lyk, moet ons alleen luister na sy selfbekendstelling in die Woord. En ons moet hierdie beeld wat Hy van Homself in die Skrif teken ten volle in die geloof aanvaar.

Daar dreig groot gevaar oor die mens wat God se selfbekendstelling skeeftrek. Die Jode het die bekendstelling van die Messias in die Ou Testament gelees, maar dit vir hulleself skeefgetrek. Hulle het nie die Messias se selfbekendstelling in die geloof aanvaar nie. Die Jode se denkbeeld van die Messias was iets soos 'n superheld. Hulle het gedink die Messias sal met sy leërskaare engele kom en hulle van die Romeinse juk kom verlos. En toe Jesus Christus gekom het en nie aan hulle beeld van Hom beantwoord het nie, het hulle Hom as Messias verwerp. Sien u waar bring valse denkbearde 'n mens uit? Daar waar jy buite die koninkryk van God staan omdat jou valse beeld nie met die ware God ooreenstem nie en jy Hom daarom verwerp het.

Jesus Christus was wel nie die soort Messias wat die Jode verwag het nie, maar Hy is waaragtig die beeld van God, God wat ons nie kan sien nie. Hy het na hierdie wêreld gekom om die geskende beeld van God in die mens te herstel. God het die mens na sy beeld geskep. Dit beteken die mens kon God volmaak ken, volmaak liefhê en sy wil het met die wil van God volkome ooreengestem. Met die sondeval is die beeld van God in die mens erg geskend sodat 'n mens soms skaars die beeld van God in die mens kan herken.

Jesus het gekom om hierdie geskende beeld van God te herstel. Hy is volkome die beeld van God sodat Hy vir Filippus kon sê: **Wie My gesien het, het die Vader gesien.** As volmaakte beeld van God was Hy volmaak gehoorsaam aan die wil van God tot aan die kruis, tot in die smarte van die hel. In ons plek is Hy, Jesus Christus, die volmaakte beeld van God.

Maar Hy was nie in ons plek volmaakte beeld van God sodat ons met ons skeefgetrekte beelde van God kan voortgaan nie. Deur sy sterwe aan die kruis en opstanding uit die dood het Hy God met die mens versoen. Daarom het Hy ook die beeld van God in die mens herstel. En na Pinkster woon die Heilige Gees in elke ware gelowige. Hy dra Christus se versoeningswerk in ons harte en lewens in met die verkondiging van God se Woord. So omvorm God die ware gelowiges om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun wat volmaakte beeld van God is. Daarom word ons deur die Woord van God opgeroep om hoe langer hoe meer die beeld van God op elke terrein van ons lewe te vertoon.

Geliefdes, ons mag geen beeld van God maak nie. Ons mag God ook nie vereenselwig met heilige tekens wat Hy gegee het nie. Ons mag ook nie valse beelde van God in ons gedagtes of met ons woorde skep nie. Ons moet Hom dien en eer soos wat Hy Homself aan ons bekend maak in sy Woord. En daarby, ons moet die beeld van God in ons lewens vertoon. Wie se beeld vertoon ons? Vir wie sien ander mense raak wanneer ons praat en werk?

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:1, 7 (p. 584)

- 1 Salig wie in hul opregtheid / wandel in die HEER se wet,  
wie Hom soek van ganser harte / en op sy getuig'nis let.  
Salig dié wat in hul wandel / nie op onregspaaie gaan,  
maar wil wandel op die weë / in Gods wet vir hul gebaan.
  
- 7 Help my, HEER, dat ek kan lewe; / dan wil ek u woord bewaar.  
Laat my oog aanskou die wonders / wat u wet my openbaar.  
Wat besit ek hier op aarde? / Niks is daar wat my behoort.  
Maar één ding, daarna verlang ek – / dis die rykdom van u woord.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
23 Oktober 2011